Hoërskool Brandwag

Typhoonstraat, Northmead
Benoni, 1500
Posbus 13191
Northmead
1511

Tel: 011 849 8911
011 849 1389
Faks: 011 849 8913
E-pos: skool @hsbrandwag.co.za
www.hsbrandwag.co.za

Datum: 18 November 2019

Geagte Ouers / Voogde

Op die ouervergadering wat op Donderdag 14 November 2019 om 18:00 in die personeelkamer plaasgevind het, is die begroting en skoolfonds vir 2020 goedgekeur.

Hoërskool Brandwag is 'n skoolfondsbetalende skool. Die skoolfonds vir 2020 is as volg:

- R19 250 vir die 1ste & 2de leerder
- R9 900 vir die 3de leerder (**Hierdie leerders kwalifiseer nie vir meriete nie)** en
- R5 500 vir die 4 de leerder (**Hierdie leerders kwalifiseer nie vir meriete nie)**

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet, Wet 84, van 1996, is skoolfonds 'n statutêre skuld en is dit vooruitbetaalbaar vir die jaar. Beide ouers, ongeag die huwelikstatus, bly verantwoordelik vir die betaling van skoolfonds, tensy ouers/voogde vrygestel of gedeeltelik vrygestel is vir betaling daarvan ingevolge die wet.

Die Beheerliggaam het goedkeuring verleen vir 'n maandelikse betalingsopsie aan ouers wat nie die eenmalige betaling kan nakom nie. Die betalings oor 11 maande, **03 Januarie 2020 tot 03 Novemeber 2020** moet elke maand betaal word d.m.v fasiliteite wat by Brandwag beskikbaar is. (Kontant, Debietorder, Debiet- en Kredietkaartfasiliteit).
Indien een maand se betaling nie ontvang is nie, is die hele jaar se skoolfonds dadelik betaalbaar.

<u>Die maandelikse betalings Graad 8 tot Graad 11 is as volg:</u>

- Eerste en tweede leerders R1 750 per maand vir 11 maande, betaalbaar teen die 3de van elke maand.
- Derde leerders R900 per maand vir 11 maande betaalbaar teen die 3de van elke maand.
- Vierde leerders R500 per maand vir 11 maande betaalbaar teen die 3de van elke maand.

<u>Die maandelikse betalings vir Graad 12 is as volg:</u>

- Gr 12 leerders betaal R 2 406.25 vir 8 maande, (Januarie 2020 tot Augustus 2020) betaalbaar teen die 3de van elke maand.

Let wel:
Indien u die totale bedrag voor **28 Februarie 2020** vereffen, word **5%** korting op die uitstaande bedrag na meriete toegestaan.

Aansoek om meriete vir ingeskrewe leerders sluit op **25 November 2019**, vir nuwe leerders op **24 Januarie 2020** en subsidie aansoeke op **28 Februarie 2020**. **Aansoeke vir beide Meriete en Subsidies sal nie oorweeg word indien die nodige bewyse nie aangeheg is nie.** Hierdie dokumente is beskikbaar by die finansiële kantoor en onderhoude sal met ouers gevoer word deur die Beheerliggaam. Die aansoek en stawende dokumente moet binne 10 werksdae na die onderhoud ingehandig word by die finansiële kantoor, anders verval die aansoek.

U word ook versoek om kennis te neem dat alle kampe en toere (bv. Veldskool en sporttoere) nie by die skoolfonds ingesluit is nie en dus addisioneel betaalbaar is. Alle skrifte en skryfbehoeftes moet self deur die ouers aangekoop word. 'n Lys van benodighede sal by elke leerders se rapport aangeheg wees aan die einde van die jaar.

T. MORGAN : Voorsitter Beheerliggaam

100
1917 - 2017